

12 Julie 2013

Skrifgedeelte: Psalm 51

Fokusgedeelte: Psalm 51:9

Sonde – praat in opregtheid met God

Elke gelowige weet dat niemand sonder sonde is nie. Sonde lê en wag net vir die regte oomblik om toe te slaan. Koning Dawid het op die hoogtepunt van sy loopbaan in die sondestrik getrap. Hy het Batseba gesien terwyl sy gebad het (2 Sam. 11). Hy het haar swanger gemaak, terwyl haar man met diensplig weg was.

Dawid het elke moontlike truuk probeer om sy sonde weg te steek, maar God het hom aangekla: "U is die man." Dawid het besef dat die sonde in die eerste plek 'n daad teen God is. Hierdie verhouding met God moet reggemaak word. Hy weet dat geen mens dit kan regmaak nie. Net God kan. Hy bid: "Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid ..." (Ps. 51:3).

Sonde besoedel ons verhouding met God. Dit besmet. Dawid weet dat hy skuldig is en nie vrypraak verdien nie. Hierdie pleidooi om genade, om reiniging, laat ons die erns van die sonde sien.

Herstel van die verhouding, regmaak van sy saak met God, beteken dat hy van hierdie sonde gereinig moet word. Daarom bid hy verder: "Was my ... reinig my van my sonde" (vs. 4). Elke vuil sonde moet uit sy lewe. Sonde laat diep vlekke en net 'n volkome reiniging is genoeg.

Wat is die reinigingsmiddel? Dawid noem hisop – die bloed van die lam is met 'n hisoptakkie aan die deurkosyne gesmeer en die doodsengel het verbygegaan. Kom ons trek die lyn deur na 1 Johannes 1:7: "... die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde." Jesus het aan die kruis sy liggaam en bloed gegee tot reiniging van ons sonde. Sonder hierdie reiniging is ons tot die ewige oordeel verdoem. Sy bloed maak ons egter wit, witter as sneeu!

Dit is die wonderlike sekerheid wanneer die sondestrik ons vang en God ons opsoek. Ons kan rus in sy goedheid wat die sonde wegwas en ons witter as sneeu laat.

Sing: Psalm 139:1

Ds. MJ Smidt (Ficksburg)